*Vrydag* **31 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 28:1 – 29:11**
**Fokusgedeelte: Psalm 28:6**

**Die mens se stem smeek om God se stem**

Die woord "stem" kom nie minder nie as nege keer in hierdie twee psalms voor. In Psalm 28 gaan dit oor die mens se stem, en in Psalm 29 oor God se stem. Die mens se stem smeek: "Draai nie stilswyend van my af weg nie" (28:1). As die Here sou swyg teenoor die mens, sal die mens sterf, kwyn. Die mens se stem smeek om God se stem. As God se stem gehoor word, dan openbaar dit sy almag (Ps. 29). Sy stem is op die waters van die wêreld (stormseë, bruisende riviere, donderstorms). Sy stem kloof die bome van die Libanon, laat die berge bewe soos diere wat bokspring van angs.

Tog wil die mens God se stem hoor – om verdere redes. Die HERE se stem laat die takbokke lam (29:9). Sy stem bring vrede en seën. Met sy stem het Hy in die begin die woesteny in 'n paradys omskep (Gen. 1:2). Met die stem van sy Gees breek Hy 'n onbekeerde hart oop. In ons Here Jesus Christus het God se stem (Woord) vlees geword en onder ons kom woon (Joh 1). Met hierdie Stem openbaar God Homself die duidelikste (Heb. 1). En as Jesus sy stem laat hoor, gehoorsaam wind en see (Mark. 4:41) en dooies (Joh. 11:43). By Jesus se sterwe en opstanding beveel God aardbewings, sonsverduistering, 'n geskeurde gordyn, dooies wat opstaan (Matt. 27:45, 51, 52; 28:2).

Dawid smeek. God hoor – en Hy versterk en verlos en gee vrede (Ps. 28; 29). Maar toe Jesus smeek ("Laat hierdie drinkbeker by My verbygaan", en "My God, My God, waarom verlaat U My?"), swyg God – ter wille van óns verlossing! Die swye teenoor Jesus is die straf op óns sonde. Terselfdertyd is dit ook die waarborg dat God nooit teenoor sy kinders sal swyg nie. Daarom roep Dawid dit uit: *"Geloofd sy die HERE, want Hy het die stem van my smekinge gehoor"* (Ps 28:6).

*Sing: Psalm 33-1:1, 5, 6*
*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*